**No. 1955** **6 September 1985**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE THREE (3) PROPERTIES SITUATED AT 23 AND 25 WELLINGTON ROAD AND AT 7 MORTIMER ROAD, WYNBERG, CAPE TOWN, INCLUSIVE OF THE HISTORIC DWELLINGS THEREON

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Frederik Willem de Klerk, Minister of National Education, hereby declare the three (3) properties situated at 23 and 25 Wellington Road and at 7 Mortimer Road, Wynberg, Cape Town, inclusive of the historic dwellings thereon, to be national monuments.

*Description*

The three (3) properties, inclusive of the historic dwellings thereon, described as follows:

(a) *23 Wellington Road, Wynberg:*

Certain piece of land, being the remainder of Erf 67074, Cape Town, at Wynberg, in the Municipality of Cape Town, Administrative District of the Cape in extent 258 (two hundred and fifty-eight) square metres.

Deed of Transfer 4839/1980, dated 29 February 1980.

(b) *25 Wellington Road, Wynberg:*

Certain piece of land situated in the Municipality of Cape Town, Cape Division, being Erf 11054, a portion of Erf 67074, Cape Town, at Wynberg, in extent 313 (three hundred and thirteen) square metres.

Deed of Transfer 15252/1980, dated 27 May 1980.

(c) *7 Mortimer Road, Wynberg:*

Certain piece of land, being Erf 66863 Cape Town, at Wynberg, situated in the City of Cape Town, Cape Division, in extent 495 (four hundred and ninety-five) square metres.

Deed of Transfer 39100/1980, dated 16 October 1980.

*Historical and architectural interest*

These three properties form an integral part of the historic Old Wynberg Village, which is an area of considerable character, as well as being of historical, architectural and environmental importance. It is one of the few areas close to the City of Cape Town that has retained its historical character.

F. W. DE KLERK,
Minister of National Education.

**No. 1955** **6 September 1985**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE DRIE (3) EIENDOMME, GELEË TE WELLINGTONWEG 23 EN 25, EN TE MORTIMERWEG 7, WYNBERG, KAAPSTAD, MET INBEGRIP VAN DIE HISTORIESE WOONHUISE DAAROP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Frederik Willem de Klerk, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die drie (3) eiendomme, geleë te Wellingtonweg 23 en 25 en te Mortimerweg 7, Wynberg, Kaapstad, met inbegrip van die historiese woonhuise daarop, tot nasionale gedenkwaardighede.

*Beskrywing*

Die drie (3) eiendomme, met inbegrip van die historiese woonhuise daarop, beskryf soos volg:

(a) *Wellingtonweg 23, Wynberg:*

Sekere stuk grond, synde die restant van Erf 67074, Kaapstad, te Wynberg, in die munisipaliteit Kaapstad, Kaapse administratiewe distrik, en groot 258 (tweehonderd agt-en-vyftig) vierkante meter.

Transportakte 4839/1980, gedateer 29 Februarie 1980.

(b) *Wellingtonweg 25, Wynberg:*

Sekere stuk grond, geleë in die munisipaliteit Kaapstad, Kaapse afdeling, synde Erf 110542, 'n gedeelte van Erf 67074, Kaapstad, te Wynberg, en groot 313 (driehonderd-en-dertien) vierkante meter.

Transportakte 15252/1980, gedateer 27 Mei 1980.

(c) *Mortimerweg 7, Wynberg:*

Sekere stuk grond, synde Erf 66863, Kaapstad, te Wynberg, geleë in die stad Kaapstad, Kaapse afdeling, en groot 495 (vierhonderd vyf-en-negentig) vierkante meter.

Transportakte 39100/1980, gedateer 16 Oktober 1980.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie drie eiendomme vorm 'n integrerende deel van die historiese Old Wynberg Village, wat 'n gebied van aansienlike karakter asook van historiese, argitektoniese en omgewingsbelang is. Dit is een van die weinige gebiede digby die stad Kaapstad wat sy historiese karakter behou het.

F. W. DE KLERK,
Minister van Nasionale Opvoeding.